

# Dagstukkies

NG Gemeente Wonderpark



## GOD SE BESKIKKING

### PSALM 105:16-25

Die feesgangers sing oor die magtige daade en wonders van God en Sy beskikking in die lewens van hul voorvaders. Hulle sing van 'n hongersnood, slaaf, tronk, die verklaring van drome en uiteindelik die redding van 'n volk. Die verse handel oor die verhaal van Josef in Egipte en hoe God se beskikking in die lot van mense en die natuur werk.

#### 1. God beskik: 'n hongersnood (105:16)

Toe Hy hongersnood oor die land gebring het en al hulle kos laat opraak het

Die verse begin met 'n knellende droogte en hongersnood wat God oor die land gebring het. Die hongersnood was so groot dat al die kos opgeraak het en dat mense en diere se lewens in gevaar was. Hierdie hongersnood sou uiteindelik 'n invloed op die lotsbestemming van Josef, Israel en die Egiptenare uitgeoefen het. Die verhaal van hierdie droogte loop 'n lang draai deur Egipte en uiteindelik die inname van die beloofde land, vierhonderd en dertig jaar later.



## 2. God beskik: 'n slaaf. (105:17,18)

<sup>17</sup>het Hy iemand voor hulle uit gestuur: Josef is as slaaf verkoop.

Die feesgangers se lied handel God wat 'n hongersnood oor die land gebring. Die lied vertel dat Hy 'n slaaf vooruit gestuur het. Die verhaal van die liefingseun van Jakob, Josef, begin toe hy sewentien jaar oud was. Hy was 'n dromer en sy broers het hom gehaat. Om van hom ontslae te raak, het hulle hom aan Midianitiese slawehandelaars verkoop, wat hom in voetboeie gesit het en so stap hy die hele pad saam met ander slawe na 'n onbekende toekoms in Egipte.

## 3. God beskik: 'n tronk. (105:18-20)

<sup>18</sup>Hulle het sy voete geboei en hom in die gevangenis gehou <sup>19</sup>totdat sy woorde bewaarheid is, nadat hy die toets deurstaan het met wat die Here aan hom bekend gemaak het. <sup>20</sup>Toe het die koning hom uit die gevangenis laat uitkom; die heerser oor baie volke het hom vrygelaat.

Nadat Josef 'n uiters gevaarlike tog oorleef het, vererger sy omstandighede wanneer hy uiteindelik in die tronk in Egipte beland. Hier in die tronk ontmoet hy jare later twee hooggeplaasde Egiptiese amptenare, die hoofbakker en hoofskinker van Farao. Een nag word beide ontsteld wakker en vertel vir Josef van hulle nagmerries. Josef lê toe hulle drome uit. Die een sal heraangestel word in sy pos en die ander een gaan sterwe. So word die hoof van die skinkers vrygelaat en die



ander een sterf. Twee jaar later het die Farao ontstellende drome wat niemand kon uitlê nie. Die hoof van die skinkers onthou toe van Josef en so verskyn hy voor die Farao waar hy sy drome en die betekenis daarvan uitlê.

#### **4. God beskik: van slaaf tot tweede in bevel (105:20-22)**

Toe het die koning hom uit die gevangenis laat uitkom; die heerser oor baie volke het hom vrygelaat <sup>21</sup>en hom aangestel as hoof van die koninklike huishouding, met gesag oor al sy besittings. <sup>22</sup>Josef kon die amptenare van die koning na goeddunke beveel en selfs aan hoë amptenare leiding gee.

Nadat Josef die drome van Farao uitgelê het, glo hy dat Josef die intelligensie en insig van 'n "god" het en dat God alles aan hom bekend gemaak het. Hy was oortuig dat niemand in sy koninkryk soveel wysheid as Josef het nie en hy stel hom aan oor sy paleis en sy hele koninkryk. Hy het sy seëlring aan die vinger van Josef gesit, hom fyn linneklere laat aantrek en 'n goue ketting om sy nek gehang. Daarna het hy Josef op die tweede beste wa laat ry, en die mense het uitgeroep:

"Betoon hom eer!" So is Josef oor die hele Egipte aangestel. Toe het die farao vir Josef gesê: "Ek bly die farao, maar sonder jou toestemming mag niemand in Egipte 'n vinger verroer of 'n voet versit nie. (Genesis 41:37-43)



Verder het Farao die naam van Josef na Safenat-Panaeg verander, wat “God spreek en daar is lewe” beteken. Hy het ook Asenat, die dogter van Poti-Fera die hoëpriester van die songod On, aan hom as vrou gegee. Die naam Asenat beteken “gunsteling van die godin Isis-Neith”. Uit hierdie huwelik is twee kinders gebore, Manasse, wat “God het my laat vergeet” en Efraim, wat “God het my vrugbaar gemaak” beteken. Josef was dertig jaar oud toe Farao hom oor die paleis en sy ryk aangestel het! (Genesis 41:39)

#### **5. God beskik: voorspoed. (105:23,24)**

Israel het na Egipte toe gekom, Jakob kon in die land van Gam gaan woon. <sup>24</sup>Die Here het sy volk baie vrugbaar gemaak, talryker as hulle onderdrukkers.

Daar het 'n groot droogte en hongersnood in Kanaän uitgebreek wat die voortbestaan van Israel bedreig het. Toe die hongersnood op sy ergste was, trek Jakob en sy seuns na 'n onbekende Egipte, die broodmandjie van die wêreld. Daar wag 'n bekende hulle in: 'n slaaf wat die magtigste man in Egipte geword het, die geliefde seun van hulle pa en 'n gehate broer, Josef! Jakob en sy seuns word met ope arms ontvang en hulle word in die vrugbare gebied van Gam gevestig. Daar het God sy volk baie vrugbaar gemaak, talryker as hulle onderdrukkers.

#### **6. God beskik: vyandigheid. (105:25)**

Hy het die gesindheid van die Egiptenaars verander, sodat



hulle sy volk gehaat en vyandig opgetree het teenoor sy dienaars. Israel het goed in Gam geleef, maar dit was nie hulle finale bestemming nie. Dit was tyd dat hulle na die beloofde land (Genesis 15) moes terugkeer. Toe verander God die gesindheid van die Egiptenare en Hy skep 'n "gevoel van ongemak". Die Egiptenare het vyandig teenoor die Jode begin optree en het hulle soos slawe behandel. Skielik was dit nie meer so lekker om in Egipte te bly nie en hulle het terug verlang na hulle vryheid en die beloofde land.

Die feesgangers sing oor die magtige daade, wonders en die beskikking van God. Hulle lied handel oor 'n groot droogte en 'n jong seun wat as slaaf verkoop word en dan in die tronk beland. Daar lê hy drome uit en word hy die invloedrykste man in Egipte. Hulle sing van 'n volk wat wroeg met 'n erge droogte, om aanvanklik baie voorspoedig in 'n vreemde land te wees, totdat die gesindheid van die gasheerland drasties verander. Dit alles het gebeur deur die beskikking van God.

Die feesgangers was ook slawe in Babilonië, maar God het hulle lot verander. Deur Sy magtige daade en wonders het Hy hulle na die beloofde land laat terugkeer om uit die ruïnes van Jerusalem 'n nuwe toekomst te bou. God was altyd in beheer van 'n droogte, die lewe van Josef, die Jode in die provinsie van Gam en later in Babilonië. Hy is ook vandag in beheer van ons lot. Die corona-pandemie het nie sonder Sy beskikking plaasgevind nie. Soos die Jode uit die ruïnes van Jerusalem



weer 'n nuwe toekoms kon bou, sal ons ook, deur God se beskikking, uit die ruïnes van die pandemie 'n nuwe toekoms bou.

## **SY VERLOSSING**

### **PSALM 105:26-38**

Israel het vir honderde jare in Gam gebly en in die tydperk het God hulle voorspoedig gemaak. Mettertyd het die gesindhede van die Egiptenare verander en hulle het begin om die Jode te haat en te verdruk. Hierdie verdrukking het vir jare voortgeduur. Toe die Jode hierdie slegte behandeling nie meer kon verduur nie, het hulle in hulle nood na God begin roep. God het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink (Genesis 15:13-15 en Eksodus. 2:23,24).

#### **1. God berei 'n leier voor (105:26)**

Die Here het Moses, sy dienaar, gestuur,  
en vir Aäron, die man wat Hy verkies het.

God moes 'n man kies en gereed maak om 'n groot volk uit Egipte, deur die woestyn na die beloofde land te lei. Hy het die jong Moses gekies, maar Hy moes seker maak dat hy die beste opleiding ontvang om hierdie taak te kon verrig. Moses het as kind in die paleis van Farao beland en het daar as prins grootgeword waar hy in al die kundighede van die Egiptenare opgelei is. Jong prinse is deur hooggeplaasde



Egiptiese amptenare of afgetrede generaals van die weermag opgelei. Hulle is in die godsdiens, taal en skryfkuns, administrasie en krygskuns van Egipte opgelei. Moses het so bo die ander prinse uitgeblink, en sodoende die kroonprins van Egipte geword (Handelinge 7:22). Hy het o.a. 'n suksesvolle veldslag teen die Kussiete, hedendaagse Ethiopië, gelei.

Daar gebeur 'n insident en hy vlug na die woestynggebied in Midian waar hy vir veertig jaar bly. Hier leer hy as skaapwagter die terrein en die toestande van die woestyn baie goed en die kennis sou hom later goed te pas kom en hy was nou gereed om miljoene mense na hulle vryheid te lei. Die Jode beskou Moses vandag nog as een van die grootste leiers.

## **2. God doen magtige dae en wonders in Egipte (105:27-36)**

Die Eksodus-gebeure was 'n bonatuurlike stryd tussen Yaweh, die Verbondsgod van die Jode en die gode van Egipte. Die bevryding van die Jode het met een bonatuurlike gebeurtenis na die ander plaasgevind. Farao was onbeïndruk met Moses se wondertekens, want sy towenaars kon dieselfde doen. Om sake te vererger, het God nog die hart van Farao verhard. In hierdie lied sing die feesgangers oor sewe bonatuurlike wonders wat God elke keer doen. Ons kyk na enkele van hierdie bonatuurlike gebeure, die magtige dae en wonders van God. Let daarop hoe God in beheer van elke bonatuurlike wonder is:

***Duisternis.*** God het duisternis oor die hele land gestuur, maar die Egiptenare het hulle teen God verset;



- Bloed.* Hy het hulle waters in bloed verander, en hulle visse laat vrek.
- Paddas.* Hulle land het gekrioel van die paddas, selfs tot in hulle koning se slaapkamer.
- Insekte.* Die Here het beveel en daar het insekte gekom, muggies oor hulle hele gebied.
- Hael.* Hy het hulle reëns in hael verander en swaar weer oor hulle land gestuur. Hy het hulle wingerdstokke en vyebome vernietig en die bome in hulle gebied stukkend geslaan.
- Sprinkane.* Hy het beveel en daar het ontelbare hoeveelhede sprinkane gekom. Hulle het al wat groen was in Egipte verslind en al die gesaaides van hulle lande afgevreet.
- Eersgeborenes.* Al hulle oudste seuns in die land het Hy laat sterwe.

Die laaste wonder het die Egiptenare geknak. Hulle het geglo dat die oudste kind 'n "gode-kind" is en daarom deur die gode beskerm word. Nadat die pasga ingestel is, het die engel van die dood deur Egipte getrek en elke eersgeborene het gesterf. Hulle het besef dat hulle gode hulle nie meer kan beskerm nie en die Farao het opdrag gegee dat die Jode moet trek.

### **3. Die vervulling van God se belofte: Moses lei die volk uit Egipte na die beloofde land (105:37,38)**





<sup>37</sup>Toe het Hy sy volk uitgelei, belaaï met silwer en goud. In geeneen van die stamme het iemand uitgesak nie. <sup>38</sup>Die Egiptenaars was bly dat hulle vertrek het, want hulle was skrikbevange oor die Israeliete.

Nadat die eersgeborenes gesterf het, gee Farao toestemming dat die volk mag trek. Behalwe die afhanklikes was daar sowat ses honderd duisend weerbare manne te voet. Daar het ook 'n menigte mense van ander afkoms saamgegaan en ook groot troppe kleinvee en baie beeste. Die Israeliete was vierhonderd-en- dertig jaar in Egipte. (Eksodus 12:36-38) Die uittog was die vervulling van die verbond wat God met Abraham in Genesis 15 gesluit het. Daar het die Here vir Abraham gesê dat die Jode vir vierhonderd jaar slawe sal wees en onderdruk sal word. Die vierde generasie sal terugkeer na die beloofde land en hulle sal met baie besittings wegtrek.

Die feesgangers sing oor die magtige daade, wonders en bonatuurlike verlossing van die Jode uit Egipte. Die generasie van die ballinge het ook dieselfde magtige daade, wonderwerke en verlossing uit Babilonië beleef. Ons generasie is deel van die generasie van die corona-pandemie en ook ons gaan in hierdie tyd die magtige daade, wonders en bonatuurlike verlossing van God beleef. Soos Israel van ouds uit ruïnes 'n nuwe toekomst kon bou, gaan ook hierdie generasie die geleentheid kry om deur die magtige daade en wonders van God aan nuwe toekomst te bou.

**GOD VOORSIEN**

**PSALM 105:39-41**



Terwyl die feesgangers in ballingskap was, het God in hulle daaglikse behoeftes voorsien. Hulle sing oor Sy voorsiening terwyl hulle voorvaders vir 'n volle veertig jaar deur die woestyn na die beloofde land getrek het. In daardie tydperk was die teenwoordigheid van God in die vorm van 'n wolkkolom daaglik met hulle gewees.

### **1. God se magtige beskerming by die Rietsee (105:39)**

<sup>39</sup>Die Here het 'n wolk uitgesprei as beskutting oor hulle en 'n vuur gegee om lig te maak in die nag.

Die Jode was nog in vervoering oor hulle komende vryheid, die wonder van die instelling van die Pasga en dat hulle kinders deur die bloed van die lam teen die engel van die dood beskerm is. Moses het hulle in 'n militêre orde opgestel en so trek hulle na vryheid. As hulle kortpad deur die gebied van die Filistyne sou vat, sou die reis nie langer as 'n maand geduur het nie. Hierdie roete was egter vol gevare en God het hulle met 'n ompad na die Rietsee toe laat trek (Eksodus 13:17-22). Toe hulle by die Rietsee kom, was die volle weermag van Farao agter hulle en die Rietsee voor hulle en hulle kon nêrens heen vlug. Die Jode was vreesbevange, maar God het gesê dat hulle nie bang moet wees nie, want Hy gaan vir hulle veg (Eksodus 14:13,14).

Terwyl die Jode nog vreesbevange was, het die engel van die Here en die wolkkolom wat saam met hulle beweeg het, tussen die Jode en die Egiptenare in beweeg. Aan die kant van die Egiptenare was dit stik



donker en aan die kant van die Jode was die nag helder verlig. Toe hulle op die punt was om deur die Rietsee te trek, het God 'n sterk oostewind gestuur wat die Rietsee oopgekloof het. So het hulle die hele nag droogvoets deur die Rietsee beweeg, terwyl die weermag van Farao hulle gevolg het. In die vroeë oggendure het daar skielik swaar onweer met onderaardse donderweer en vreesaanjaende weerligstrale uitgebreek. Dit het hard begin reën en groot haelkorrels het op die Egiptenare neergeslaan. Die bodem van die Rietsee het in 'n modderbad ontaard en die strydwaens het vasgeval. Totale chaos en paniek het onder die Egiptenare uitgebreek. Met dagbreek het die water begin terug vloei en die totale weermag van Farao is uitgewis. Toe die Jode die volgende oggend na die strand terugkyk, was die strand met duisende lyke besaai gewees. Inderdaad, God het vir hulle geveg en hulle daardie nag gered (Eksodus 14:29-31).

## **2. God voorsien kos in die woestyn (105:40)**

<sup>40</sup>Toe hulle kos vra, het Hy kwartels laat kom  
en sy volk met brood uit die hemel versadig.

Na die gebeure by die Rietsee, het die Jode verder in die woestyn ingetrek. Hulle het 'n rukkie by Mara oorgebly, waar God bitter water drinkbaar gemaak het. Daarna het hulle verder getrek tot by Elim en van Elim het hulle in die Sin-woestyn aangekom. Teen daardie tyd was hulle kos en water op en het hulle begin mor,

“As ons maar liever in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê



om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom” (Eksodus 16:3).

Die Here het gesien wat gebeur het en toe sê Hy vir Moses dat Hy elke dag kos uit die hemel sal laat reën. Die voorskrif was eenvoudig: die volk moet net genoeg vir elke dag optel, maar op die sesde dag moet hulle dubbel soveel vir die sewende dag optel. Met hierdie as boodskap het Moses en Aäron vir al die Israeliete gesê:

“Vanaand sal julle beseft dat dit die Here is wat julle uit Egipte bevry het, <sup>7</sup>en môreoggend sal julle sien hoe magtig die Here is. Hy het gehoor dat julle julle teen Hóm verset. Dat julle julle teen óns verset, is niks nie” (Eksodus 16:6,7).

**Kwartels.** Nadat Moses en Aäron dit gesê het, het die volk na die woestyn gekyk en toe sien hulle iets bonatuurlik, God se magtige teenwoordigheid in die wolke. Teen laat middag het kwartels aangevlieg gekom en die hele kamp vol gesit. ‘n Kwartel is ‘n voël so groot soos ‘n fisant wat gereeld van die suide van Palestina na sentraal Afrika oor hierdie gebied migreer en in die lente terugkeer.



**Manna.** Vroeg die volgende oggend was die hele kamp vol fyn vlokkies van manna. Manna was iets soos koljandersaad en lyk soos balsemgom. Die volk het die manna bymekaargemaak, dit op maalklippe gemaal of in vysels gestamp en dan in panne gebak of roosterkoeke daarvan gemaak. Dit



het soos oliekoeke gesmaak. Die manna het snags saam met die dou by die kamp geval (Eksodus 16:14 en Numerie 11:7-9). Die Israeliete het veertig jaar lank manna geëet, totdat hulle die bewoonde gebiede van Kanaän bereik het (Eksodus 16:35).

### **3. God voorsien water uit 'n rots (105:41)**

<sup>41</sup>Hy het 'n rots oopgebreek en daar het water uitgestroom wat soos 'n rivier deur die dorre gebied gevloei het.

Na hierdie gebeure het die Jode uit die Sinaiwoestyn weggetrek en deur verskeie dorre streke getrek. Hulle het by Refidim aangekom waar hulle kamp opgeslaan het. By Refidim was 'n oase, maar toe hulle by die oase kom, was die oase droog gewees. Toe begin die Jode weer met Moses en Aäron baklei, "Gee vir ons water om te drink". Hierdie insident was egter anders as die insident by Sinaiwoestyn toe hulle oor kos gekla het. Hier wou hulle vir Moses en Aäron met klippe doodgooi en het hulle God op die proef gestel. Moses het gepleit dat hulle God se geduld nie op die proef moet stel nie. Die volk was egter dors en hulle het Moses verwyt,

"Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?" (Eksodus 17:3)

Na hierdie insident het God vir Moses opdrag gegee om sy staf te neem en saam met ander leiers voor Hom op 'n rots by die berg Horeb te gaan staan. Toe kry Moses die opdrag om teen die rots te slaan. Hy het toe in die teenwoordigheid van die leiers van Israel die rots met sy staf geslaan



en 'n sterk stroom water het uit die rots begin vloei. Moses het die plek Massa en Meriba genoem, omdat die Israeliete daar met hom rusie gemaak het en omdat hulle die geduld van die Here op die proef gestel het, toe hulle gesê het: "Is die Here by ons of nie?" (Eksodus 17:7)

*God voorsien in ons behoeftes.* In die woestyn het God die Jode daaglik beskerm en in elke behoefte voorsien. Hulle het vir veertig jaar elke dag gebakte mannakoeke en gebraaide kwartels geëet en daar was genoeg water om te drink. Die corona-generasie bevind hulle op die oomblik ook in 'n "woestyn-fase" en hulle wonder hoe hulle gaan oorleef. In hierdie gedeelte het ons gesien dat God in die basiese behoeftes van veiligheid, kos en drinkgoed voorsien het. Hulle het elke dag genoeg gehad om te oorleef. God sal ook vir hierdie generasie in hulle daaglikse behoeftes voorsien totdat hulle weer deel van 'n nuwe toekoms met oorvloed sal wees.

## **GOD VERVUL SY BELOFTES**

### **PSALM 105: 42-44**

Die feesgangers sing oor die nuwe toekoms na die ballingskap. Hulle kom nou by die klimaks van die lied waar God sy belofte vervul het en die Jode vier-honderd-en-dertig jaar later na hulle vaderland kon terugkeer. Hulle voorvaders was vreemdelinge in die beloofde land, slawe in 'n vreemde land en nomades wat vir veertig jaar deur die woestyn moes trek. Nou staan hulle voor die grense van die land wat



oorloop van melk en heuning. Hulle kon die beloofde land aan die oorkant die Jordaanrivier met hulle eie oë sien.

### 1. Beloofde land word ingeneem (105:42-44)

<sup>42</sup>Ja, Hy het sy heilige belofte aan sy dienaar Abraham gestand gedoen

<sup>43</sup>en sy volk juigend, sy uitverkorenes jubelend laat voorttrek.

<sup>44</sup>Vir hulle het Hy die heidene se lande gegee; wat deur ander volke met moeite verkry is, het hulle in besit geneem.

In die vervulling van die belofte was die Engel van die Here met sy ontblote swaard in elke slagveld met hulle. Hulle het groot en klein stede ingeneem. Die mure van Jerigo het op 'n wonderbaarlike wyse verkrummel. Nadat die land ingeneem is, het Kaleb met 'n finale versoek gekom:

“Ek is nou 'n man van vyf en tagtig, <sup>11</sup>maar ek is vandag nog net so sterk as die dag toe Moses my uitgestuur het. Die krag wat ek toe gehad het, het ek nou nog. Ek kan nog gaan oorlog maak en behoue terugkom. <sup>12</sup>Gee my nou asseblief die bergwêreld waarvan die Here daardie dag gepraat het. <sup>13</sup>Josua het sy seën uitgespreek oor Kaleb seun van Jefunne en aan hom Hebron as besitting toegeken. <sup>14</sup>Daarom behoort Hebron tot vandag toe aan Kaleb seun van Jefunne, die Kenassiet. Dit is omdat hy die Here die God van Israel getrou gevolg het. *Die oorlog was verby, die land het gerus*” (Josua 14).



Nadat Kaleb die bergwêreld ingeneem het, lees ons dat die oorlog verby was en dat die land gerus het. Die reis wat by die aartsvaders begin het, is vier-honderd-en-dertig jaar later voltooi. Die sirkel is voltooi en God het Sy beloftes vervul! Die volk van Israel was na jare se omswerminge terug in hulle vaderland, die land van die belofte!

## **2. Die generasie van die ballingskap staan op uit die ashope van die verlede**

Na die dekreet van Kores het die bannelinge, onder leiding van Serubabel met groot opgewondenheid en baie drome na hulle vaderland teruggekeer (Esra 1). Hulle swaarkry was verby en die belofte van 'n nuwe toekoms het op hulle in hul vaderland gewag (Jesaja 40). Die generasie van die ballingskap het die voorreg beleef om uit die rûines van Jerusalem 'n nuwe toekoms te bou,

Daarom, so sê die Here, gaan Ek My *weer* oor Jerusalem ontferm: my tempel daar gaan herbou word, sê die Here die Almagtige, Jerusalem sal *op-nuut* as stad uitgelê word. "Roep *weer* en sê: So sê die Here die Almagtige: My stede sal *weer* oorstroom word deur voorspoed. Ek, die Here, gaan *weer* genade betoon aan Sion, Ek gaan Jerusalem *weer* my woonplek maak" (Sagaria 1:16,17).

**Goeie vordering.** Twee jaar nadat Serubabel en die eerste groep bannelinge in Jerusalem aangekom het, het hulle met entoesiasme die bouwerk begin. Hulle het fluks gevorder en toe die bouers die fundamente klaar gelê het, het hulle fees gevier. Die priesters het in ampsdrag reggestaan met trompette, en die Leviete van die Asafgroep





met simbale en hulle het die Here begin loof en dank: “Want Hy is goed, aan sy liefde vir Israel is daar geen einde nie” (Psalm 136).

Nie almal het saam feesgevier nie. Van die oueres onder die priesters, die Leviëte en familiehoofde, wat die vorige tempel van Salomo nog kon onthou, het in tranes uitgebars toe hulle die fundamente van die nuwe tempel gesien het. Hulle het getwyfel of hierdie tempel dieselfde hoogtes sou bereik as die tempel van Salomo.

Die hele volk het dit tot lof van die Here uitgejubel, want die fundamente van die huis van die Here was gelê. Baie van die oueres onder die priesters, die Leviëte en die familiehoofde wat nog die eerste tempel geken het, *het hardop aan die huil gegaan toe hulle sien hoe die fundamente van hierdie tempel gelê word*. Baie ander het luidkeels van vreugde gejubel. <sup>13</sup>Niemand kon die gehuil tussen die blye gejubel deur hoor nie, so hard het die mense gejubel. Dit kon van ver af gehoor word. (Esra 3:6-13)

### ***Die bouproses kom tot stilstand.***

Die ander inwoners in Judea was egter nie beïndruk met die herbou van die tempel nie, en hulle het alles in hulle vermoë gedoen om die projek te saboteer. Eers wou hulle deel van die bouspan wees, maar dit is geweier. Daarna het hulle probeer om die bouers te ontmoedig en bang te maak. Hulle het selfs amptenare probeer omkoop om die bouplanne in die wiele te ry. Toe hulle daarmee onsuksesvol was, het hulle ‘n geskrewe klag teen die Jode by koning Ahasveros ingedien. Nadat



Ahasveros die brief gelees het, het hy opdrag gegee dat die bouprojek onmiddellik gestaak moet word. Met die brief in hulle hand, het die klaers die bouwerk met geweld tot stilstand gebring. Die werk aan die tempel het vir jare tot en met die tweede regeringsjaar van koning Darius van Persië tot stilstand gekom (Esra 4).

## **DROME WORD BEWAARHEID**

### **HAGGAI 2:3-5**

#### **1. Motiveerders tree na vore.**

Jare het verloop nadat die bou van die tempel tot stilstand gekom het. In hierdie tyd het verskeie profete opgetree om die Jode aan te moedig om met die werk aan die tempel voort te gaan. Maleagi het met hulle oor verkeerde prioriteite aangespreek, maar die belangrikste motiveerders was Haggai en Sagaria. Hulle tree in hierdie tyd na vore om Serubabel en die bouers aan te moedig om met die bouwerk aan die tempel voort te gaan. Serubabel en die bouers het aanvanklik met groot entoesiasme begin bou en nadat die fundamente voltooi was, het hulle feesgevier. Daarna het alles tot stilstand gekom. Hulle moes die leiers motiveer om met die projek voort te gaan en hulle moes die bouers oortuig om weer te begin bou. Verder moes hulle die sinisme van die ouer groep priesters, Leviëte en familiehoofde aanspreek.

*Motivering van sinisme.* Nadat die fondament van die tweede tempel gelê was, het die volk fees gevier. Die ouer groep wat bestaan het uit



priesters, Leviëte en familiehoofde het egter in trane uitgebars en het getwyfel of die tweede tempel ooit die hoogtes van die vorige tempel sou bereik. In die proses van motivering moes die groep wat negatief en sinies was, eerste aangespreek word. As dit nie gebeur nie, sou hulle negatiewiteit 'n afbrekende invloed op die ander gehad het. Haggai begin met 'n paar vrae aan hierdie groep,

Wie van julle het gesien hoe mooi die vorige tempel was? Hoe lyk dié een vir julle? *Lyk hy nie na niks in vergelyking met die vorige nie?*

**Groter hoogtes.** In sy motivering vra Haggai vir hulle 'n paar vrae, "Wie van julle kan onthou hoe mooi die vorige tempel was en hoe vergelyk hierdie een met hom?" "Kan hierdie tempel soos die vorige tempel lyk?" Hulle antwoord sou voor die handliggend gewees het. Die tempel van Salomo was baie mooier as die tempel van Serubabel. Haggai gee hierdie groep egter die versekering dat die tempel van Serubabel groter hoogtes as die tempel van Salomo gaan bereik. In die tempel van Salomo het hoofsaaklik Jode aanbid, maar in die tempel van Serubabel gaan daar 'n baie groter gehoor wees, nl. Jode en nasies van reg oor die wêreld,

<sup>8</sup>Aan My behoort al die silwer, aan My al die goud, sê die Here die Almagtige. <sup>9</sup>Die roem van (hier)die tempel sal in die toekoms groter wees as in die verlede, sê die Here die Almagtige. Op hierdie plek sal Ek vrede gee, sê die Here die Almagtige. (Haggai 2:8,9)



*Motivering van leiers.* Serubabel en Jesua, die leiers van die projekspan, was net so moedeloos toe alles tot stilstand gekom het. Hulle het met soveel drome na Jerusalem teruggekom en het met groot entoesiasme begin bou. Maar nadat hulle feesgevier het, het alles skielik tot stilstand gekom. In die motivering fokus Sagaria en Haggai eers op die leiers en daarna op die bouers. Sagaria moedig Serubabel aan om met die bouwerk voort te gaan. Hy gee hom die versekering dat soos sy hande die fundamente gelê het, sal sy hande die projek voltooi en dat alle groot dinge 'n klein begin het,

Serubabel "jou" hande het hierdie tempel se fundamente gelê, "jou"hande sal dit klaar bou. *Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie.* Die mense sal bly wees wanneer hulle sien Serubbabel gaan aan met die bouwerk (Sagaria 4:8-10).

*Motivering van bouers.* Nadat Sagaria Serubabel verseker het dat hy die projek sal voltooi, motiveer Haggai die leiers en die bouers. In die motiveringspraatjie van Haggai kom die woord, "skep moed" drie keer na vore,

Maar nou, Serubbabel, skep moed, sê die Here, en jy Jesua seun van Josadak, hoëpriester, skep moed, en julle almal, burgers van die land, skep moed, sê die Here! Begin met die werk, want Ek is by julle, sê die Here die Almagtige. My belofte wat Ek met die uittog uit Egipte aan julle gemaak het, sal Ek nakom: my Gees sal altyd by julle bly. Moenie bang wees nie! (Haggai 2:3-5)



Haggai het geweet hoe om mense wat moedeloos is, te motiveer. Hy begin met die leier van die projekspan, Serubabel, daarna die geestelike leier van die volk, Jesua die hoëpriester en daarna die burgers van die land. Drie maal sê hy dat hulle moed moet skeep. Die woord “skeep moed” wat hier gebruik word, is dieselfde woord wat God gebruik het om Josua te motiveer voordat hy die beloofde land ingeneem het. Daar het die Here vir hom gesê dat hy sterk en vasberade moet wees en dat Hy hom nie in die steek sal laat nie (Josua 1:5,6). Haggai gebruik dieselfde woord vir “skeep moed”:

- Hy moedig die bouers tot geestelike en liggaamlike paraatheid (mental toughness) aan;
- Hy moedig die bouers aan om onder moeilike omstandighede met die bouprojek te volhard;
- Hy moedig hulle aan om op hulle primêre taak, die voltooiing van die tempel, te bly fokus;
- Hy moedig hulle aan om as span saam te werk en om met ‘n sin vir dringendheid met die voltooiing van die bouprojek voort te gaan;
- Nadat hy hulle moed ingepaat het, gee hy hulle die opdrag dat hulle onmiddellik met die bouwerk moet voortgaan;
- Hy gee hulle die versekering dat die Here, die Almagtige by hulle is;
- Die Jode het gedink dat die ballingskap die einde van die verbond beteken het, maar God belowe dat Sy belofte wat Hy met die uittog uit Egipte aan hulle gemaak het, sal nakom.



- Hy verseker hulle dat die Gees van God altyd met hulle sal wees en dat hulle nie mislukkings moet vrees nie;

## 2. Die bouprojek word voltooi en die fees begin

Met die aanmoediging van Sagaria en Haggai het die Jode in die tweede jaar van koning Darius, met die bouprojek voortgegaan. Die bouers het doelgerig begin werk en die tempel is binne vier jaar, nadat die bouprojek hervat is, in 516 vC, in die sesde regeringsjaar van koning Darius 1, voltooi. Die woorde van Sagaria is vervul toe hy vir Serubabel gesê het: “jou hande *het* die fondament gelê, jou hande *sal* dit klaar maak”. Ons lees in Esra 5:14-16:

<sup>14</sup>Die Judese leiers het met die bouwerk aangegaan. Danksy die optrede van die profete Haggai en Sagaria seun van Iddo het hulle goed gevorder. So kon hulle die gebou klaar maak soos die God van Israel hulle dit opgedra het en soos konings Kores, Darius en Artasasta van Persië beveel het. Die tempel is voltooi op die derde dag van die maand Adar, in die sesde jaar van die regering van koning Darius. Die Israëliete, die priesters, die Leviëte en die ander wat uit die ballingskap teruggekom het, *het die inwyding van die tempel met vreugde gevier.*

Na harde werk, baie terugslae en met die aanmoediging van mense soos Sagaria en Haggai, is die bou van die tempel voltooi en die generasie van die ballingskap kon begin feesvier. In dié tyd is 'n nuwe lied gebore,



Psalm 105, waar die feesgangers oor die magtige daade en wonders van God sing. Hierdie lied sou hulle van nou af by elke feesgeleentheid sing:

- Deur die magtige daade en wonders van God kon hulle uit die ruïnes van die verlede 'n nuwe toekoms bou;
- Die generasie van die ballingskap het besef dat hulle nie 'n verlore generasie was nie, maar die uitverkore generasie waarmee God 'n nuwe toekoms sou bou;
- God het Sy verbond en beloftes aan die aartsvaders nagekom. Terwyl hulle in ballingskap was, het God hulle beskerm en versorg en op die bestemde tyd het hulle deur die ingrype van God na hulle vaderland teruggekeer;
- Die feesgangers sing van die nuwe era waar hulle uit die ashoop van die verlede opestaan het en nuwe toekoms met 'n lewe van oorvloed gebou het. Hulle kon uit volle bors sing,

Hy, die Here, is ons God

Sy reddingsdaade strek oor

die hele aarde! (Ps. 105:7)

### **3. Uit ruïnes word hoop gebore en 'n nuwe toekoms geskep**

Hierdie generasie gaan waarskynlik in die toekoms as die generasie van corona-pandemie bekend staan. Met die beëindiging van die pandemie, gaan baie uit die ruïnes van die pandemie 'n nuwe toekoms moet bou:

- Dit gaan die generasie wees, wat soos die generasie van die ballingskap, weer God se magtige daade en wonders in die opbou proses beleef;



- Dit gaan die generasie wees wat gaan besef dat hulle 'n spesiale generasie is met wie God 'n nuwe toekoms gaan begin;
- Dit is die generasie wat die vervulling van God se beloftes op 'n bonatuurlike wyse gaan beleef;
- Dit is die generasie wat weet dat hulle lot nie deur die corona-pandemie bepaal word nie, maar deur die lotsbeskikking van God;
- Dit is die generasie wat gaan beleef dat God in hulle daaglikse behoeftes voorsien soos in die geval van die Jode in die woestyntydperk;
- Die corona-pandemie generasie gaan dié generasie wees wat uit die ruïnes van 'n vorige lewe aan 'n totale ander toekoms gaan werk; die opbouproses gaan moeilik wees, maar dit is belangrik om gefokus te bly en nie moedeloos te word as daar terugslae is nie. Die gevaar kan bestaan dat die nuwe proses met die oue vergelyk gaan word en dat mense nie sal wil aangaan nie. Daar gaan 'n dag aanbreek wanneer die nuwe voltooi sal wees en dat almal saam sal kan feesvier. Bou op die woorde van Haggai toe hy gesê het dat die Here met hulle is en hulle in die bouproses nie alleen gaan los nie. Die verbond wat Hy met die voorgeslagte gesluit het, is nie deur die pandemie vernietig nie, maar God hou Sy beloftes instand. Moenie bang wees om van vooraf te begin nie, want die Gees van God is in ons en rus ons toe met krag, liefde en deursettingsvermoë;
- In hierdie tyd gaan daar nuwe Sagaria's en Haggai's na vore tree om God se kinders aan te moedig om weer op te staan en met Sy hulp





aan 'n nuwe toekoms te bou. Maak seker dat jy in hierdie tyd 'n Sagaria of Haggai in jou lewe kry wat as motiveerder en bemoediger optree;

- Die corona-pandemie generasie gaan 'n nuwe Psalm 105 skryf, waar hulle by elke feesgeleentheid oor die magtige dae en wonders van gaan sing,

Hy, die Here, is ons God Sy reddingsdade

oor "*die corona-pandemie*" strek oor die hele aarde! (Ps. 105:7)

